



LAERSKOOL GEORGE-SUID

*Welkom in
Gr. 1*



Skooltye

Eerste week van die jaar: 07:30 tot 12:00

Normale tye: 07:30 tot 13:00

Juniorsport: 13:00 tot 13:50
Maandae & Woensdae

Wagklas: 13:00 tot 14:00

Toegangshek: Grondslagfase hek 2, Laingstraat

Skooldrag

Skooldrag is by De Jagers Uitrusters, Hiberniastraat, George, beskikbaar. Die Loeriewinkel hou goeie tweedehandse klere aan en is daaglik vanaf 7:15 tot 9:00 en 13:00 tot 15:00 oop. Vrydae is dit egter slegs tot 14:00 oop. Alle klere moet duidelik gemerk wees.

De Jagers:

- LGS oortrektrui
- LGS langmoutrui
- Skoolrokke
- Sweetpakbroek
- Das

Loeriewinkel:

- Sport en wedstryddrag
- LGS baadjie

Dogters

Somersdrag: Geel skoolrok, swart skoolskoene met wit sokkies of kaalvoet.

Wintersdrag: Geel skoolrok, swart skoolskoene met lang, swart kouse/grys sokkies of grys langbroek met wit dashemp en das, swart skoolskoene en grys sokkies.

Lang hare: Slegs swart, wit of geel haarrekkies word toegelaat.

Seuns

Somersdrag: Grys kortbroek, wit oopslaanhemp, swart skoene en lang, grys sokkies of kaalvoet.

Wintersdrag: Grys langbroek, wit dashemp en das, swart skoolskoene en grys sokkies.

Sportdrag

Swart LGS-kortmou sporthemp met kraag en swart LGS-sportbroek.

Skooltasse

Skooltas met skoolwapen (2 jaar waarborg) beskikbaar op bestelling by die Loeriewinkel (loeriewinkel@lgs.co.za).

Sport

Somersport: Atletiek, balspele en krieket.

Wintersport: Netbal, rugby en hokkie.

Heeljaar sport: Skaak, bergfiets en tweekamp.

Geen sport sal egter gedurende die eerste twee weke van die jaar plaasvind nie.



Musiekonderrig

Leerders word gedurende die vierde kwartaal getoets vir musiekaanleg. Leerders mag vanaf Graad 2 vir blokfluitonderrig ingeskryf word indien hy/sy daarvoor kwalifiseer. Beperkte plek is beskikbaar.

Klas-benodigdhede

Alle skryfbehoeftes moet duidelik gemerk word. Kryte en potlode moet in hul houers gehou word. As gevolg van beperkte werkspasie word 'n "space case" nie toegelaat nie.

'n Volledige vooraf saamgestelde pakket is op bestelling by LGS Loeriewinkel beskikbaar (huiswerkboekie uitgesluit).

- Denim stoelsak
- Voorskoot - dubbel
- Faber Castell uitdraaikryte
- Staedtler skêr
- Pritt 40g
- 20 Helderkleurige A4-kartonne
- 2 x 20-Bladsy "Flip-file"
- Denim boeksak (Posman)
- Plastiek A4 koevert
- Plastiekbakkie met blokkies (Unifix)
- LGS huiswerkboekie - verpligtend (beskikbaar Januarie - R50)



Algemene reëlins

Saalbyeenkomste: Maandae

Geld: LGS streef na 'n kontantvrye omgewing. Laai asseblief die Karri-toep af.

Kommunikasie

LGS het ten doel om ouers te alle tye ingelig te hou oor relevante skoolaangeleenthede. Die skool maak hoofsaaklik gebruik van 'n elektroniese toepassing, D6-Connect.

U word versoek om D6-Connect op u selfoon en rekenaar af te laai om daaglik op hoogte van sake te wees. Die skoolnuusbrieff, Loerienuus, verskyn elke tweede week.

Ouerbetrokkenheid

Graad 1 is die belangrikste jaar in die Grondslagfase en elke leerder en onderwyseres maak staat op u betrokkenheid en ondersteuning as ouer/voog.

Laerskool George-Suid kon nog altyd op 'n positiewe en betrokke ouerkorps staatmaak. U word uitgenooi om deel te word van die LGS-Ondersteuners Pro Ludis Culturae. Hierdie groep bestaan uit drie komitees wat 'n onmisbare ondersteuningsrol in die sukses van die skool speel.

Finansies

U skoolrekening is maandeliks vooruitbetaalbaar. U eerste betaling is dus reeds in Januarie betaalbaar. Verwys asseblief na die Finansiële Ooreenkoms vir volle besonderhede. U sal u rekening maandeliks elektronies ontvang. Verseker asseblief dat u die korrekte e-posadres aan die skool verskaf. Kontak die skool indien daar enige onduidelikheid is.



Bankbesonderhede

1) LGS Pre-Primêr

Bank: Nedbank George | Takkode: 198 765

Rekeningnommer: 162 653 6767

2) LGS Laerskool Rekeningnommer

Bank: Nedbank George | Takkode: 198 765

Rekeningnommer: 162 603 3560

3) Die Akker Nasorg

Bank: Standardbank George: Lopende rekening

Takkode: 050214 | Rekeningnommer: 281864950

Gebruik asseblief u bestaande verwysing.

TEL: Kantooreure (Ma - Do: 07:30 - 15:30 | Vry: 07:30 - 14:30)
044 873 3464

WEB: www.lgs.co.za

E-POS: aansoeke@lgs.co.za

ADRES: H/V Laing- & Meadestraat, George-Suid